

Toespraak deur Prof H Russel Botman, rektor en visekanselier van die Universiteit Stellenbosch, by Paul Roos Gimnasium se jaarlikse gala-aand vir akademiese presteerders, op 4 Maart 2010

---

Dankie, voorsitter.

Goeienaand, almal.

Mnr. Van der Westhuizen en u personeellede, ouers en leerders, baie dankie vir die geleentheid om vanaand hier te kan wees.

Soos u weet, het die Universiteit Stellenbosch al dekades lank 'n besondere band met Paul Roos Gimnasium – trouens, die geskiedenis van ons twee instellings is dig ineengestremel. So, dis 'n voorreg en 'n vreugde om hier te kan wees.

Baie van u ken seker die bekende kortverhaal, “Drie kaalkoppe eet tesame”. Dié titel herinner my so bietjie aan hierdie byeenkoms ... nee, nie weens die teenwoordigheid van 'n paar van ons ou gryskoppe en bleskoppe nie. Met erkenning aan die skrywer, wyle Jan Rabie, wil ek sy titel effens aanpas, en sê dis vanaand 'n geval van “ 'n klomp slimkoppe tesame”. Dis nou julle – Paul Roos-leerders wat verlede jaar op akademiese gebied uitblink het.

Baie geluk met jul prestasies. Dis skitterend.

Some of the greatest figures in human history have been able to make valuable contributions to society thanks to their intellect – Albert Einstein, Leonardo da Vinci, Marie Curie and so on. We are all born with certain abilities, but you will also know that it takes hard work to succeed. You would have had to put in long hours doing homework, studying and writing tests and exams. This would often not have been much fun. But you persevered and in the end reaped the rewards.

Nou goed, dis wonderlik om 'n klomp kennis te hê – om 'n slimkop met 'n klomp feite en insigte te wees – maar die vraag is, wat doen jy daarmee? My uitdaging vanaand aan julle is dít: woeker daarmee, kry nog kennis by, timmer en skaaf daaraan, en wend dit vir 'n goeie doel aan – vir jouself en jou familie, ja, maar ook vir jou gemeenskap, die land en al ons mense.

Kom ek vertel julle gou van 'n uitsonderlike prestasie deur 'n klomp slimkoppe hier in ons dorp.

As some of you will know, we have our own “rocket scientists” right here in Stellenbosch, and they have certainly excelled in the highly complex field of space engineering.

Dis nou die span onder leiding van prof. Herman Steyn van die universiteit se departement elektriese en elektroniese ingenieurswese. Hulle het al twee satelliete gelanseer, wat 'n uiters waardevolle navorsingsbydrae vir die land lewer.

In 1999, history was made when Sunsat became the first satellite from Africa and the Southern Hemisphere in outer space. It was fully developed from research by Stellenbosch lecturers and students.

On 17 September last year, this achievement was repeated with the launch of SumbandilaSat, a joint effort between the university and one of its spin-off companies, SunSpace and Information Systems. Sumbandila means “show the way” in isiVenda.

SumbandilaSat is ’n briljante stuk wetenskap en tegnologie. Dié mikrosatelliet weeg 81kg, en wentel 500km bo ons koppe om die aarde. Met ’n hoogsgevoerde kamera aan boord word foto’s van wat hier onder aangaan geneem. En dis nou waar relevansie inkom.

The focus is on images of Southern Africa. The main applications are to monitor agricultural crops and ground water. Other applications include disaster management (for instance floods and fires), town planning and the monitoring of marine resources.

Dit is ons benadering by die US – ons glo dat kennis en wetenskap ’n maatskaplike doel moet dien, naamlik die opheffing en ontwikkeling van ons land se mense.

So gepraat van gevorderde tegnologie – julle jongmense wat so graag Mxit-boodskappe stuur en op Facebook uithang sal weet ons leef in ’n snelveranderende wêreld. Die universiteit se nuwe kanselier, dr Johann Rupert, het onlangs tydens sy inhuldiging onder meer die volgende voorbeelde genoem:

- Die eerste SMS is in 1992 gestuur. Vandag word meer SMS’e per dag gestuur as wat daar mense op aarde as (meer as 6 miljard, dus).
- In 1984 was daar sowat 1 000 internet-toestelle. Agt jaar later was daar 1 miljoen, en vandag is dié syfer meer as 1,3 miljard.
- Van die top 10 betrekkinge vandag het ses jaar gelede nie eens bestaan nie.

Universities worldwide are grappling with these challenges, and Stellenbosch is no exception. But you can rest assured that you will have a good shot at keeping up with the fast pace of change by getting a university qualification, in whatever field.

Navorsing het bewys dat behoorlike opleiding een van die belangrikste faktore is wat jou vermoë om ’n goeie inkomste te verdien beïnvloed. Iemand met ’n meesters- of doktersgraad sal in sy of haar leeftyd gemiddeld 432% meer geld verdien as iemand wat net matriek (Graad 12) het.

So, as julle getwyfel het, gaan ná skool universiteit toe – en kom Stellenbosch toe, want volgens syfers van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding wat in Desember verlede jaar uitgereik is, het ons in 2008 die meeste navorsingsuitsette per voltydse akademiese personeellid gelewer.

Ons bied ook goeie hulp aan ons studente. Die uitvalkoers onder studente nasionaal is hoog. Die Departement van Onderwys het in 2005 bevind die helfte van alle nuweling-eerstejaarstudente wat in 2000 landswyd by tersiêre instellings ingeskryf het, het die stelsel ná vier jaar sonder enige kwalifikasie verlaat.

By die US – kan ek met trots sê – lyk dié prentjie heelwat beter. Volgens ons eie berekenings het die sukseskoers van ons voorgraadse studente in 2008 op 82% gestaan – op van 79% in 2004. Ons mikpunt vir 2015 is 85%.

Die studierigting wat jy kies om in te slaan gaan 'n belangrike rol in jou sukses speel. Slimkoppe soos julle kies dikwels vakrigtings soos medies of ekonomiese wetenskappe of natuurwetenskappe. Dis fantasties – mits dit is wat jy regtig wil doen en waarvoor jy aangelê is. Ons beroepsvoorligters kan jou help om die regte keuses te maak.

Wanneer jy op universiteit kom, onthou, dis nie skool nie. Sukses op skool waarborg nie noodwendig sukses op universiteit nie. Dit gebeur dikwels dat studente – selfs toppresterders – se punte in hul eerstejaar met 20% val. Hoekom?

Die groter werkslading op universiteit is een rede. Ons voorligters sê altyd jy kan verwag om soveel materiaal in een kwartaal te moet bemeester as wat jy heeljaar in matriek doen. Maar moenie skrik nie, ons derduisende graduandi is 'n bewys dit kan gedoen word.

Nog 'n aanpassing is dat jy meer selfstandig moet wees op universiteit as op skool. Jy word as grootmens hanteer, meneer en mejuffrou. Jy moet self verantwoordelikheid neem om jou klasse by te woon, referate te skryf en vir toetse en eksamens te leer. Maar weereens, dit berei jou voor op die uitdagings wat daar buite in die beroepslewe op jou wag.

*As the saying goes, no man is an island. The context that we find ourselves in is a country, a continent and a world full of challenges. There are many problems all around us, such as poverty, diseases, human rights violations, joblessness and limited economic growth, and the depletion of our natural resources.*

*At Stellenbosch University we are busy with a campus-wide programme of putting the knowledge we generate and the science we practice at the service of society.*

So gepraat van die omgewing, een van die ontwikkelingsdoelwitte wat ons aan die US nastreef is volhoubare benutting van natuurlike hulpbronne. Dit bring my ten slotte weer terug na die “drie kaalkoppe” waarmee ek begin het.

In Jan Rabie se verhaal sit drie vet manne aan vir 'n maaltyd. Hulle verorber 'n enorme hoop kos. Hulle is so gulsig, “hulle byt hulle eie vingers af en skeur groot stukke uit mekaar se lywe”. Uiteindelik bly niks oor nie “behalwe die drie kaalkoppe”, wat die kelner dan in 'n vullisblik gooi “waar hulle soos drie verrotte pampoene lyk”.

Dié verhaal is in 1956 geskryf. Tóé al was dit vir die skrywer duidelik die mensdom bewerk sy eie ondergang deur hom aan natuurlike hulpbronne te vergryp. Wat ons aan die US doen, is om te kyk hoe die industriële sektor mededingend kan bly – want dis waar welvaart en werksgeleentede geskep word – sonder om die omgewing te verwoes.

My uitnodiging aan julle is om deel te word van die Universiteit Stellenbosch se poging om hoop te skep in ons land en op die res van ons vasteland. Kom ons gebruik ons talente en ons harde werk om van die wêreld 'n beter plek vir almal te maak.

Ek dank u.

-o0o-